# SWAAN EN FLAMINK

## PREPRIMÊRE SKOOL



---

# TERME EN VOORWAARDES

---

**I N D E K S**


| | | |
|---|---|---|
| 1. | PARTYE | 2 |
| 2. | INTERPRETASIE | 2 |
| 3. | PROSEDURES EN REËLS | 4 |
| 4. | FINANSIËLE BEPALINGS | 4 |
| 5. | SKOOLTERMYNE EN VAKANSIESKOOL | 5 |
| 6. | SIEK KINDERS | 5 |
| 7. | PERSOONLIKE BESITTINGS | 6 |
| 8. | PERSOONLIKE INLIGTING | 6 |
| 9. | KONTRAKBREUK | 6 |
| 10. | KANSELLASIE | 6 |
| 11. | SKADELOOSSTELLING | 7 |
| 12. | DOMICILIA EN KENNISGEWINGS | 8 |
| 13. | ALGEMEEN | 9 |
| 14. | AANHANGSELS | |

AANHANGSEL SF1: AANSOEK EN INLIGTINGSVORM

AANHANGSEL SF2: SWAAN EN FLAMINK PROSEDURES EN REELS

AANHANGSEL SF3: FINANSIELE BEPALINGS

AANHANGSEL SF3.1: AFTREKORDERMAGTIGING

# SWAAN EN FLAMINK PREPRIMÊRE SKOOL

## TERME EN VOORWAARDES

1. **PARTYE**

1.1 Die partye tot hierdie ooreenkoms is:

1.1.1 **White Straat Kleuterskole** 'n Nie-Winsgewende Maatskappy met registrasienommer 1950 / 037632 08) wat handel dryf in die naam **Swaan en Flamink Kleuterskool** met fisiese adres 509 White Straat, Bailey's Muckeneuk, Pretoria.

en

……………………………………………………………………………………………………

en

……………………………………………………………………………………………………

**[volle name en vanne van beide ouers]**

met verdere en volledigde besonderhede soos vervat in die voltooide aansoekvorm, hierby aangeheg as **Aanhangsel SF1** tot hierdie ooreenkoms, hierna verwys as "die ouers".

1.2 Die partye kom as volg ooreen:

2. **INTERPRETASIE**

2.1 In hierdie ooreenkoms sal die volgende woorde en uitdrukkings die betekenis dra wat hieronder daaraan toegeskryf word, tensy uitdruklik anders vermeld of die teendeel uit die konteks blyk-

2.1.1 "die / hierdie ooreenkoms" beteken die ooreenkoms soos vervat in hierdie dokument;

2.1.2 "die minderjarige kind(ers)" verwys na die minderjarige baba(s) / kleuter(s) wie se besonderhede vervat is in die voltooide aansoekvorm(s), hierby aangeheg as **Aanhangsel SF1** tot hierdie ooreenkoms;

2.2 Enige verwysing na –

2.2.1 een geslag sluit die ander geslagte in;

2.2.2 natuurlike persone sluit regspersone in en omgekeerd;

2.2.3 die meervoud sluit die enkelvoud in en omgekeerd.

2.3 Opskrifte word slegs gerieflikheidshalwe gebruik en word nie in ag geneem by die interpretasie van hierdie ooreenkoms nie.

2.4 Indien enige woord of sinsnede gedefinieer word, sal daardie woord of sinsnede dieselfde betekenis regdeur die ooreenkoms dra.

2.5 Indien enige tydperk in die ooreenkoms voorgeskryf word, sal dit bereken word met uitsluiting van die eerste en met insluiting van die laaste dag daarvan, tensy die laaste dag op 'n ander dag as 'n Besigheidsdag val, in welke geval die laaste dag die onmiddellik daaropvolgende Besigheidsdag sal wees.

2.6 Die verstryking of beëindiging van die ooreenkoms sal nie bepalings en voorwaardes hierin vervat laat verval indien dit uitdruklik bepaal word dat sodanige bepalings en voorwaardes steeds van krag sal wees na die verstryking of beëindiging van die ooreenkoms nie of indien die betrokke bepalings of voorwaardes uit noodwendigheid moet voortduur om van krag te wees na die verstryking of beëindiging van die ooreenkoms, nieteenstaande die bewoording van sodanige bepalings en voorwaardes nie uitdruklik voorsiening maak daarvoor nie.

2.7 Die uitlegreël dat hierdie ooreenkoms geïnterpreteer moet word teen die party wat verantwoordelik was vir die voorbereiding en opstel daarvan, sal nie geld nie.

3. **PROSEDURES EN REËLS**

3.1 Die personeel van Swaan en Flamink onderneem om op die ouers se aanvraag en versoek die minderjarige kind(ers) na die beste van hul vermoë te versorg volgens die bepalings van hierdie ooreenkoms en die riglyne vervat in die Swaan en Flamink prosedures en reëls, soos vervat in **Aanhangsel SF2**.

3.2 Die ouers bevestig dat hulle gemelde prosedures en reëls gelees het, dit verstaan, en daaraan gebonde is, en onderneem hiermee om die volle voorskrif, riglyne, implikasies en verantwoordelikhede van die skoolreëls na te kom.

3.3 Swaan en Flamink behou die reg voor om die prosedures en reëls van tyd tot tyd te wysig, in welke geval die ouers skriftelik in kennis gestel sal word van sodanige wysiging(s).

4. **FINANSIËLE BEPALINGS**

4.1 Die fooie en finansiële bepalings word jaarliks deur die raad bepaal. Die fooie en finansiële bepalings vir die skooljaar is hierby aangeheg as **Aanhangsel SF3 en SF3A**, waarvan die bepalings deel van hierdie ooreenkoms vorm.

4.2 Die ouers aanvaar hiermee gesamentlik en afsonderlik aanspreeklikheid vir die betaling van skoolgelde soos in Aanhangsel SF3 aangedui ten opsigte van die minderjarige kind(ers).

4.3 Indien enige regstappe geneem moet word om voormelde gelde in te vorder, sal die ouers ook aanspreeklik wees vir:

4.3.1 Rente op agterstallige skoolgelde bereken vanaf die datum waarop gemelde gelde betaalbaar was teen die moratore rentekoers tot en met datum van betaling;

4.3.2 Regskostes op die skaal soos ooreen gekom tussen prokureur en eie kliënt.

4.4 Die ouers stem toe tot die jurisdiksie van die Pretoria Landdroshof vir doeleindes van regsaksie wat deur Swaan en Flamink ingestel word om agterstallige gelde te vorder.

4.5 Die partye kom ooreen dat 'n staat uitgereik deur Swaan en Flamink afdoende bewys is van die bedrag deur die ouers aan Swaan en Flamink verskuldig van tyd tot tyd, en

4.6 Die ouers stem toe tot die uitreiking 'n besoldigingsbeslagleggingsbevel.

4.7 Die ouers stem hiermee toe tot die vordering van skoolgelde by wyse van 'n debietordersisteem, by wyse van maandelikse betalings gehef te word uit die rekening waarvan die besonderhede blyk uit die voltooide **Aanhangsel SF3A** tot hierdie ooreenkoms en waarvan die bepalings deel vorm van hierdie ooreenkoms.

5. **SKOOLTERMYNE EN VAKANSIESKOOL**

5.1 Swaan en Flamink volg die akademiese kalender van toepassing op staatskole in Gauteng.

5.2 Swaan en Flamink bied gedurende skoolvakansies (nie gedurende openbare vakansiedae nie) vakansieskool aan teen 'n addisionele fooi wat twee weke voor die aanvang van die vakansie betaalbaar is.

5.3 Die vakansieskool fooie en reelings rondom betaling daarvan is vervat in **Aanhangsel SF3**– Finansiële reëlings vir die skooljaar.

6. **SIEK KINDERS**

6.1 Geen siek kinders word by die skool toegelaat nie. Dit is die ouers se verpligting om te sorg dat 'n siek kind nie skool toe gestuur word nie.

6.2 Die personeel van Swaan en Flamink behou die reg voor om die ouers te kontak om die minderjarige kind onmiddelik te kom haal indien hulle van mening is dat die kind te siek is om skool te gaan, of indien dit blyk dat die kind moontlik 'n

aansteeklike siekte onderlede het, soos meer volledig in die prosedures en reels uiteen gesit.

7. **PERSOONLIKE BESITTINGS**

7.1 Die ouers neem kennis dat geen selfone of speelgoed deur die minderjarige kind na die skool gebring mag word nie. Swaan en Flamink kan nie aanspreeklik gehou word vir die verlies van enige eiendom of besittings wat die kind skool toe bring nie.

8. **PERSOONLIKE INLIGTING**

8.1 Die ouers neem kennis, en verskaf hiermee toestemming vir die prosessering van die persoonlike inligting van die ouers en die minderjarige kind deur Swaan en Flamink vir doeleindes van skooladministrasie, finansiële bestuur en ouerkommunikasie.

8.2 Swaan en Flamink onderneem om geen fotos van die minderjarige kind te neem, of om toe te laat dat fotos van die minderjarige kind geneem word, en / of gepubliseer word sonder die skriftelike toestemming van die ouers, soos aangedui in **Aanhangsel SF1** nie.

9. **KONTRAKBREUK**

9.1 Indien een of beide ouers kontrakbreuk plek ten opsigte van enige van die bepalings van hierdie ooreenkoms en in gebreke bly om daardie kontrakbreuk binne 7 (sewe) dae te herstel, na 'n skriftelike aanmaning om dit te doen, sal Swaan en Flamink daarop geregtig wees om sonder benadeling van enige ander regte wat Swaan en Flamink kragtens hierdie ooreenkoms of andersins het-

9.1.1 Hierdie ooreenkoms te kanselleer en / of;

9.1.2 Skadevergoeding van die ouers te verhaal.

10. **KANSELLASIE**

10.1 Die ooreenkoms is geldig vir die betrokke skooljaar, ongeag wanneer die kind

gedurende die jaar ingeskryf word by die skool.

10.2 Kansellasie van ooreenkoms kan slegs geskied met een (1) kalendermaand se skriftelike kennis tot en met 31 Augustus van elke kalenderjaar, by versuim waarvan die ouer verantwoordelik sal wees vir die skoolgelde vir al die oorblywende maande (Desember ingesluit) van die betrokke kalenderjaar.

11. **MAGTIGING EN SKADELOOSSTELLING**

11.1 Die ouers gee hiermee toestemming dat die minderjarige kind(ers) aan die algemene kurrikulum en buitemuurse aktiwiteite van Swaan en Flamink mag deelneem. Sover die ouers se kennis strek is die minderjarige kind(ers) fisies in staat om aan enige aktiwiteite deel te neem en verkeer hy / sy in goeie gesondheid.

11.2 Die ouers magtig hiermee as ouer/voog van die minderjarige kind(ers) die hoof van die skool of haar aangewese verteenwoordiger om die minderjarige kind(ers) te neem vir mediese behandeling in geval van nood. Hierdie magtiging sluit ook die voltooiing en ondertekening van toestemmingsdokumente (ook in geval van narkose) in.

11.3 Die ouers aanvaar dat alle redelike voorsorg getref word vir die veiligheid van die minderjarige kind(ers) en aanvaar verantwoordelikheid vir die betaling van enige mediese- of hospitaalrekeninge in geval van 'n besering opgedoen deur die minderjarige(s) wat nood hospitalisering en of ander behandeling gereël deur Swaan en Flamink noodsaak.

11.4 Die ouers vrywaar en stel Swaan en Flamink en die Raad, personeel, tydelike of vrywillige helpers hiermee vry en skadeloos vir enige verlies of skade, hoe dit ookal mag ontstaan, wat die ouer of die minderjarige kind(ers) mag ly, voortspruitend uit die versorging van die minderjarige kind(ers) by Swaan en Flamink, insluitende maar nie beperk nie tot die volgende:

11.4.1 Die mediese versorging van die minderjarige kind(ers), insluitend die toediening van medikasie en gebruik van mediese toerusting, waar toepaslik;

11.4.2 Die voeding en algemene versorging van die minderjarige kind(ers);

11.4.3 Aktiwiteite by die skool onderneem, hetsy ten aansien van klas- of buite – aktiwiteite of aktiwiteite tydens uitstappies onderneem;

11.4.4 Enige ander aktiwiteite in die wydste sin moontlik onderneem.

11.5 Voormelde vrywaring sal ten aansien van alle geleenthede geld en sal van toepassing bly solank as wat die kind(ers) ingeskryf is by Swaan en Flamink, en is onherroeplik.

12. **<u>DOMICILIA EN KENNISGEWINGS</u>**

12.1 Die ouers kies as hulle onderskeie *domicilia citandi et executandi* vir al die doeleindes van hierdie ooreenkoms, insluitend die gee van kennisgewings en / of die betekening van enige prosestukke ingevolge hierdie ooreenkoms, die adresse, telefaksnommers en e-posadresse soos vervat in die voltooide aansoekvorm, hierby aangeheg as **Aanhangsel SF1** tot hierdie ooreenkoms.

12.2 Enigeen van die partye kan van tyd tot tyd sy *domicilia* verander deur skriftelike kennisgewing te dien effekte aan die ander party te lewer.

12.3 Enige kennisgewing deur een party aan die ander party sal:

12.3.1 in geval van aflewering per hand by sy *domicilium* ingevolge hierdie klousule, geag word ontvang te wees op die datum van aflewering daarvan; of

12.3.2 in geval van versending per vooruitbetaalde geregistreerde pos aan sy domicilium ingevolge hierdie klousule, geag word ontvang te wees deur die geadresseerde op die sewende dag na versending daarvan; of

12.3.3 in geval van versending per telefaks aan sy telefaksnommer en per e-pos aan sy e-posadres ingevolge hierdie klousule, geag word ontvang te gewees het deur die geadresseerde op die datum van suksesvolle versending daarvan.

12.4 Nieteenstaande enigiets tot die teendeel in hierdie ooreenkoms omskryf of vervat, sal 'n skriftelike kennisgewing of enige kommunikasie, ontvang deur enige party vanaf die ander party(e), insluitende deur middel van faksimileeversending of e-posversending, voldoende skriftelike kennisgewing of kommunikasie aan sodanige ander party wees.

13. **ALGEMEEN**

13.1 GEEN UITSTEL

Geen tegemoetkoming of verlenging van tyd wat die een party aan die ander mag toelaat ten opsigte van enige betaling of enige ander verpligting van sodanige party of enige opskortende voorwaardes hierkragtens, sal onder enige omstandighede hoegenaamd geag word 'n afstanddoening, wysiging of novasie van daardie party se regte te wees nie. Elke party sal geregtig wees om aan te dring op die stiptelike nakoming van iedere en elke voorwaarde van hierdie ooreenkoms.

13.2 GEEN WYSIGING

Die partye erken dat geen wysiging, aanvulling tot, kansellasie of novasie van hierdie ooreenkoms as geheel, of enige gedeelte daarvan, van krag sal wees tensy dit op skrif gestel word en deur al die partye tot hierdie ooreenkoms of hulle verteenwoordigers geteken word nie.

13.3 MEERDERE KONTRAKTE

Hierdie ooreenkoms mag in een of meer dele uitgevoer word, waarvan elkeen vir alle doeleindes gereken sal word 'n oorspronklike te wees en elkeen, wanneer gesamentlik beskou word, op een dokument sal neerkom.

13.4 <u>AANHANGSELS</u>

13.4.1 Die ouers bevestig dat die Aanhangsels tot hierdie ooreenkoms, soos gelys in die indeks tot hierdie ooreenkoms deel uitmaak van die ooreenkoms en korrek deur die ouers voltooi is.

13.4.2 Die ouers aanvaar dat dit hul plig is om Swaan en Flamink onmiddelik skriftelik in kennis te stel sodra enige inligting en / of besonderhede soos vervat in **Aanhangsel SF1** sou verander.

.

GETEKEN TE ……………………………OP HIERDIE DIE ………….DAG VAN ………………..……………….

**HANDTEKENING VAN MOEDER**

GETEKEN TE ……………………………OP HIERDIE DIE ………….DAG VAN ………………..……………

**HANDTEKENING VAN VADER**

GETEKEN TE ……………………………OP HIERDIE DIE ………….DAG VAN …………………..……………

**NAMENS SWAAN EN FLAMINK BEHOORLIK GEMAGTIG DAARTOE**